Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 7 Kaapstad, Woensdag, 10 Maart 1948 No. 15

# BRITSE BOIKOT ONTKEN, DOG DUUR VOORT

**Nadat die onderhandelings tussen Brittanje en die Unie-regering oor die Britse verbod aan sy kolonies om Suid-Afrikaanse goedere te koop, op niks uitgeloop het nie, het dit duidelik geword dat mooi praatjies Brittanje nie sal beweeg om die verbod op te hef nie. Elke aankoop wat die kolonies in die Unie doen, beskou Brittanje as 'n regstreekse vermindering van die hoeveelheid goud wat hy uit Suid-Afrika kan ontvang.**

Die Britse regering het meneer H. A. Marquard met die benaming van betaalmeester-generaal, die afgelope week na die Unie gestuur om met die kabinet te gesels oor die invoer-verbod. Plaaslik is gehoop dat daar tot konkrete beslissings geraak sou word. Mnr. Marquard se houding was egter dat hy alle vertoë wil aanhoor en dat hy nie sy regering kan bind tot enige verandering van die huidige toestand nie.

### NUWE STORIE

Na die afloop van die samesprekings is die Suid-Afrikaanse uitvoerders met nog 'n nuwe verklaring oor die toestand dronkgeslaan. 'n Tyd gelede het mnr. Waterson beweer dat Brittanje die invoer vir sy kolonies verbied het op grond van die Amerikaanse leningsooreenkoms. Daarna het die Britse minister van finansies gekom met 'n verklaring dat die inkorting geen betrekking het op die lening nie, maar dat Brittanje dit eiehandig doen.

**Nou het mnr. J. W. Mushet, Minister van Ekonomiese ontwikkeling, blykbaar op gesag van die Britse afgevaardigde, verklaar dat die Britse kolonies in Afrika nog nooit opdrag gekry het om 'n verbod op invoer van Suid-Afrikaanse goedere te plaas nie.** Voorts word gekonstateer dat die kolonies in September 1947 opdrag ontvang het om hul invoer uit alle lande in te kort. Hierdie opdrag, aldus die verklaring, is in Desember „aansienlik verlig" weens 'n te strenge toepassing.

**Handelaars in Kaapstad verklaar egter dat hulle nog niks van sodanige verligting voel nie hoewel dit al twee maande gelede sou geskied het.**

Intussen het mnr. Marquard aan die hand gedoen dat dit die beste is „om maar te wag op die toepassing van die gewysigde gebruik".

# IMMIGRANTE JAAG KOSTE OMHOOG

## Geld Geen Kwessie Om Burgers Uit Te Lig

**Die lewenskoste in die Unie word onrusbarend opgejaag deur vermoënde Britse immigrante wat roekeloos geld spandeer en vaste eiendomme teen fantastiese pryse vér bokant hul werklike waarde koop, na dit blyk uit 'n ondersoek wat Die O.B. ingestel het. Hierdie feit word ook beklemtoon deur die Registrateur van Aktes in Kaapstad wat die regering se immigrasieskema blameer vir die steeds stygende pryse van vaste eiendom.**

Die Engelse pers het die afgelope week gespog met die groot bedrae wat Britse immigrante die Unie inbring maar dit blyk nou dat hierdie kapitaal nie tot voordeel van Suid-Afrika aangewend word, soos gewaan is nie. **Immigrante wat hulle vir goed hier wil vestig, gee eenvoudig aan agente opdrag om blokke woonstelle, winkels, plase en huise teen enige prys te koop, want „geld is geen kwessie nie." Die gevolg is dat „fantastiese pryse vir vaste eiendom betaal word," om die woorde van die Registrateur te gebruik.**

### VIERMAAL HOËR

**'n Klein besigheidjie in Kaapstad wat niks meer as 'n hokkie is nie, en waarvoor onlangs nog £2,000 aangebied is, is so pas vir £9,000 deur twee immigrante gekoop.** Die eienaars was nie van voorneme om te verkoop nie maar toe hierdie fantastiese prys hul aangebied is, het hulle eenvoudig daarvoor geval. Dieselfde geld vir 'n klein negosiewinkeltjie aan die grense van die sentrale stad.

**Hierdie plekkie, waar daar nie meer as vier of vyf mense in die oop ruimte voor die toonbank kan beweeg nie, en wat tydens die oorlog vir minder as £1,000 gekoop is, het reeds 'n aanbod van £5,000 van 'n immigrant ontvang.** Die eienaar oorweeg dit sterk om te verkoop omdat hy weet dat hy nooit weer so 'n aanbod sal kry nie.

### WINSBEJAG

Toevallig is die eienaars van hierdie twee plekke altwee Afrikaners. Buitelandse geld word dus tot 'n groot mate nie in voordeel van die land belê nie, maar hoofsaaklik in winsbejag.

Hierdie aankoop van vaste eiendom teen fantastiese pryse, kom nie net in Kaapstad voor nie. Soortgelyke getuienis word deur die Sunday Times in Johannesburg gelewer. **„Beleggings word op groot skaal deur ryk Britse immigrante in Suid-Afrika gemaak. Plase, woonstelle en kantore word teen enige prys gekoop," skryf die blad.** Onlangs is drie groot blokke woonstelle gekoop, asook 'n reeks kantore deur immigrante wat so pas aangekom het.

### ENIGE PRYS

Agente ontvang eenvoudig opdrag om die eiendomme teen enige prys te koop, soos blyk uit onderstaande voorval:

'n Boer in die distrik van Franschhoek het onlangs in 'n grap gesê dat hy sy plaas sal verkoop as hy £1,000 per morg aangebied word. 'n Paar dae daarna het hy so 'n aanbod van 'n agent gekry. **Die voornemende koper was 'n immigrant wat op soek was na so 'n plaas. Geld is by hom geen kwessie nie, het hy verklaar.**

### AMPTELIKE UITSPRAAK

In sy jaarverslag verklaar die Registrateur van Aktes dat „fantastiese pryse" vir eiendomme betaal word. Hy wyt dit aan die uitbreiding in die Unie en aan die aankomende immigrante. Dat hierdie immigrante vermoënd is blyk uit die syfers wat onlangs in die koerante verskyn het, verklaar die registrateur. Hulle koop en bou huise vir hulself en hul werknemers.

**„Die behuisingsprobleem, so moeilik as wat dit was voor die aankoms van die immigrante, is deur hul aankoms vererger en baie persone is gedwing om eiendomme teen pryse te koop wat bo hul vuurmaakplek is."** Hy kan geen aanduiding sien dat die pryse van vaste eiendomme binnekort sal daal nie.

Dit is opvallend dat die lewenskoste op hierdie manier opgejaag word terwyl die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling rondval om die lewenskoste omlaag te dwing en beroepe op individue doen om hiermee te help.

## ★ In Die Kloue Van Die Kat

**Pres. Benesj van Tsjeggo-Slowakye wat tans 'n poppefiguur in sy eie vaderland is en geen seggenskap het in die land se bestuur nie, is „deur ontsaglike kommunistiese druk" verplig geword om die Kommunistiese regering te erken. Hy word hier gesien (regs) saam met Kommunis Gottwald (reg voor die kamera), terwyl laasgenoemde die name van die nuwe regering aan Benesj voorlê vir goedkeuring — groteske drama.**

**Die Kommuniste gee tans voor dat die president siek is en daarom nie in die openbaar kan optree nie. Gerugte wil egter dat hy reeds 'n gevangene is nadat hy sy amptelike seël op die kommunistiese staatsgreep geplaas het.**



# Pilatus In Neurenberg

**Regter Joseph Goldstein, van New York, het gister 'n versoekskrif aan die prokureur-generaal voorgelê, waarin hy vra dat daar opgetree moet word teen regter Charles Wennerstrum wat onlangs as voorsitter van die „oorlogsmisdadigershof" in Neurenberg opgetree het.**

**Goldstein het gesê dat hy 10,000 Amerikaanse burgers verteenwoordig wat familiebetrekkinge in Nazi-konsentrasiekampe verloor het. Hy maak beswaar teen regter Wennerstrum se veroordeling van „die onredelike gedrag van regerings om hulle verslaande vyande voor die regbank te laat verskyn.**

**„Ek kla hom aan van verkragting van die federale wet deurdat hy op 'n manier opgetree het wat ondermynend is vir die belange en beleid van die staat onderwyl hy werk as Amerikaanse amptenaar verrig het."**

**Wennerstrum sê dat hy geen apologie kan aanteken nie en dat hy nog die verhoor van oorlogsmisdadigers veroordeel.**

**Genl. Smuts het Maandag aangekondig dat daar geen begroting hierdie sitting ingedien sal word nie, aangesien die algemene verkiesing teen einde Mei, begin Junie, sal plaasvind, met 'n sitting van die nuwe parlement kort daarna.**

**Terughouding van die begroting dui op een punt: geen belastingvermindering vir die gewone man nie.**

## Rusland Is Groter Gevaar As Hitler

As die Verenigde State sy rug draai en hom nie steur aan die Russiese agressie nie, sal dit slegs 'n paar jaar duur voordat die toestand onhanteerbaar is, het die Amerikaanse sekretaris van handel, mnr. A. Harriman, verklaar.

„Rusland is vandag 'n groter bedreiging as wat Hitler ooit was," het hy daaraan toegevoeg.

# Vryheidsdagvierings

**UNIONDALE. — Die Ossewabrandwag van Uniondale het Vryheidsdag onder blyke van groot belangstelling gevier. Die funksie was baie suksesvol en is gekenmerk deur die bywoning van buitestaanders wat nog nooit die beginsels van die O.B. onderskryf het nie.**

Vyf-uur het die mans reeds begin jukskei gooi en om sesuur is die funksie geopen met Skriflesing en gebed deur veldkornet J. Loock. Na 'n verwelkoming deur die kommandant, het hfkomdt. H. Schoeman aan die woord gekom en gewys op die belangrikheid van die dag en een en ander uit die gebeure van die slag op Amajuba meegedeel. **Hy het gewys op die noodsaaklikheid van 'n eenheid soos op daardie gedenkwaardige dag bestaan het en brandwagte gevra om niks te doen of te sê wat daardie eenheid in gevaar kan stel nie.**

Hy het verder die O.B. se houding teenoor die Engelssprekende uiteengesit en verklaar dat 'n groot persentasie van die mense hulle afkeuring van die huidige staatstelsel te kenne gee, en dan 'n stelsel bepleit wat presies ooreenstem met die van die Ossewabrandwag. Hy het O.B.-lede aangemoedig om hulle beleid te propageer omdat dit die enigste regte standpunt is en die enigste beleid is wat ons land kan red uit die wanorde.

Baie gou was alles verkoop en met volkspele en aangename gesels het nege-uur aangebreek en het almal buite saamgedrom vir die afsluiting van die verrigtinge. Meer as £24 is ingesamel.

Presies 'n half minuut voor nege het die fakkeldraer, komdte. M. v. d. Westhuizen, vergesel van veldkte. Meyer en Van Rooyen agter die saal tevoorskyn getree en na die groot stapel hout gemarsjeer. Die saluut is geneem deur die offisiere toe die vuur geweldig hoog opgevlam het en onder 'n plegtige stilte is die Amajuba gelofte deur die kommandant gelees. Oud-komdt. Pieter Barnardt het hierna die verrigtinge afgesluit met gebed. — (Korr.)

**CALEDON.** — Die Ossewabrandwag van Caledon het vanjaar 'n puik Vryheidsdagfunksie gehou. Nie alleen was die opkoms besonder groot nie, maar almal wat teenwoordig was is met nuwe geesdrif besiel. 'n Groot aantal buitestaanders het die verrigtinge bygewoon

Op 27 Februarie, presies om nege-uur, is die Vryheidsvuur aangesteek. Die eintlike funksie het egter eers die volgende aand op Hammansdal, die plaas van komdt. S. J. Delport plaasgevind waar hfgenl. Max Smuts opgetree het as spreker.

Genl. Smuts, wat in die gees



Genl. Max Smuts

van eensgesindheid gepraat het, het die geskiedenis van die stryd wat Amajuba voorafgegaan het en die verhaal van die slag behandel en die aanwesiges aangespoor om die stryd nie op te gee nie.

Daar is verder vleis gebraai, jukskei gespeel en verversings verskaf. Soos gewoonlik het die O.B.-vroue hul fluks van hul taak gekwyt en dra alle lof weg vir die sukses van die funksie. Ongeveer £25 is ingesamel.

Die Boerejeug onder jeugveldkte. mev. H. Fouche het 'n lewendige aandeel in die verrigtinge geneem en met 'n aantal opvoerings voor die dag gekom wat groot byval by die aanwesiges gevind het. Hfkomdt. Kootjie Viljoen het opgetree as bevelvoerende offisier. — (Meegedeel).

## Heilbron Steek Vure Aan

Amajuba-dag is weer vanjaar gevier op Rondebos, dist Heilbron. Brandwagte sowel as vriende was goed verteenwoordig.

'n Baie aangename gees is geskep, en die nuwe besoekers het die samekoms baie geniet. Presies om 9 uur is die vuur aangesteek; helder het dit gebrand as bewys van die gees wat nog lewendig is in die hart van elke Brandwag.

'n Boodskap van ons kameraad Willie van Rensburg is ook voorgelees, wat ons hoog op prys gestel het.

Daar was ook vure op Tafelkop en naby Doverstasie.

— (Korr.)

# AMAJUBAFEES OP STELLENBOSCH

Die O.B.-kommando's van Stellenbosch het Saterdag, 6 Maart op die plaas van kommandant T. C. Roos Vryheidsdag gevier.

Na die vlaghysing deur die Boerejeug waargeneem is, het die bevelvoerende offisier, generaal dr. S. J. Pretorius, die veldprediker van die kommando, prof. dr. E. E. van Rooyen, versoek om met Skriflesing en gebed voor te gaan.

Hierna het die vergadering, op versoek van generaal Pretorius, vir 'n paar oomblikke op aandag gekom en die saluut gegee ter ere van mev. Retief, 'n troue Brandwag, wat onlangs oorlede is.

Voordat hy die hoofspreker, generaal W. R. Laubscher, aan die woord gestel het, het dr. Pretorius in 'n kort toespraak die vergadering besiel met sy onwrikbare geloof in die voortbestaan van die Ossewabrandwag.

**Hy het o.a. gewys op die stormagtige verlede wat die Beweging nie 'n duim breed van sy koers laat afwyk het nie, en die versekering uitgespreek dat die huidige woeling en gisting van kommunistiese grootdoenery, in die O.B. net so 'n teenvoeter sal vind, as wat dit indertyd in die Duitse Weermag gevind het.**

Nadat hy die lede van die plaaslike kommando versoek het om met hernude kragte die stryd voort te sit, het dr. Pretorius generaal Laubscher aan die woord gestel. Hy het daarop gewys hoe die Boerevolk geestelik alleen vry kan wees deur die uitlewing van sy hoogste ideaal — sy republikeinse strewe.

In hul politieke ywer, laat selfs nasionale groepe hierdie ideaal in die stof val, deurdat hulle hul hande bak hou om die Empire-bewind te ontvang, het generaal Laubscher gesê.

Dit is 'n toestand wat aan die Ossewabrandwag vreemd is. Vir hom is daar net een doel, en dit is die stryd wat deur die geskiedenis heen langs die Majubakruin en konsentrasiekampe na die uiteindelike vrywording van die Boerevolk lei.

As die stryd dan uiteindelik gewen en die oorwinning behaal is, sal die president van die Republiek seer seker ook langs 'n Amajuba-vuur insgeweer word, het generaal Laubscher ten besluite verklaar.

Hierna het die Boerejeug om die houtstapel hul posisie met vlammende fakkels gaan inneem en so, saam met die vergadering, aandagtig gestaan en luister na die voorlesing van die Vryheidsdagboodskap van die kommandant-generaal.

Toe die vryheidsvlam die lug inskiet, het die bevelvoerende offisier die vryheidsverklaring en gelofte voorgelees wat in die lig van die knetterende vuur deur die vergadering met 'n saluut hernu is.

Na die teenwoordiges elkeen hul hout op die vuur gegooi het, is die verrigtinge vir die aand met die sing van „Die Stem" afgesluit. — (Ingestuur).

# GROOT O.B.-FEES TE KROONSTAD

**Op 27 Februarie het ons weer Amajubadag gevier op die plaas van mev. Laubscher, twee myl buite Kroonstad.**

Daar was omtrent 350 mense op die fees teenwoordig. **Ons is bly om te kan meld dat daar vanjaar 'n groot verbetering is, en wat in getalle ontbreek het, het die geesdrif voor vergoed.**

Komdt. Laubscher was in bevel van die sametrekking, en alles het vlot van stapel geloop onder sy leiding.

As spreker het opgetree prof. F. J. Labuschagne van Potchefstroom. Sy rede was besielend. Hy het gewys op die betekenis van Amajuba, hoe die boere van destyds voor 'n Amajuba gestaan het wat beset was deur die vyand. Die volk se vryheid was in gevaar en hy het sy ondergang tegemoet gegaan as die vyand nie verslaan is nie.

**GEVAAR**

Vandag staan ons volk weer voor 'n Amajuba. Daar is weer die gevaar van ondergang. As ons nie saamstaan en die vyand van twis en tweedrag, die gevaar van Kommunisme, en al die ander slegte dinge in ons volkslewe uitwis en verbrand nie.

Voor die toespraak was daar 'n netjiese vlagstryking deur die O.B.-wag onder bevel van kaptein Pretorius. Die wag het ook die letters „O.B." met brandende fakkels gevorm.

Die verrigtinge is afgesluit met 'n paar woorde van dank aan almal deur genl. Steyn Jordaan, en die sing van „Die Stem."

**FLUKSE OFFISIERE**

Die middag en aand is daar braaivleis, toebroodjies, koffie en koeldrank verskaf deur die Vroue-kommando onder leiding van ons flukse komdte. Geldenhuis. Sy is altyd op haar pos, saam met haar adjudante, offisiere en lede. Sonder hulle sal ons nie die nodige fondse kan insamel nie.

Ons dank aan almal wat so fluks gehelp het, dié wat skape gegee het vir braaivleis en ander



Genl. Jordaan

wat hulle vragmotors en motors beskikbaar gestel het vir vervoer. Ook 'n woord van dank aan vriende wat nie lede is nie, maar wat ook teenwoordig was. (Korr.)

# A.K.G. TE GEORGE

**GEORGE.** — Die O.B. van George het die Vryheidsvuur op 27 Februarie hoog laat opvlam en in die gees met die Ossewabrandwag dwarsoor Suid-Afrika verkeer.

Die kommando het die voorreg gehad om die Adjunk-Kom-



Genl. J. A. Smith

mandant-generaal, genl. J. A. Smith in hul midde te hê wat 'n besielende rede en boodskap tot die aanwesiges gerig het.

Nadat die Boerejeug in parade opgestel is, het die Adjunk-K.G. en genl. Robertson die parade ge-inspekteer.

Die aanwesiges is met nuwe moed vir die stryd uiteen. — (Korr.)

## Amajubafees Te Kakamas

**Soos in die verlede het die manne- en vroue-kommando's (A.15.b1 en 6) van Kakamas weer op Vrydag, 27 Februarie, Amajubafees gevier. Die weer was uiters ongunstig maar ten spyte daarvan was daar 'n redelike opkoms.**

**Die Amajubaviering is volgens voorskrif gehou en behalwe die sentrale vuur het daar die aand om 9 uur ook drie ander vure gebrand op die hoogste omliggende koppies.**

'n Klein funksie is vroeër die aand gehou en diegene teenwoordig kon lekker gebraaide wors en vleis asook ander lekkernye geniet. **'n Skaap wat opgeveil was het £16 ingebring. Die totale bedrag van £26/3/- is ingesamel.**

Komdt. G. F. J. van Rensburg het as bevelvoerende offisier opgetree en het voor die fees ook 'n kort maar besielende toespraak gelewer. Die verrigtinge is afgesluit met die sing van ons volkslied. — (Korr.)

## S.A. Kan Nie Genoeg Koring Produseer

Suid-Afrika sal nooit genoeg koring vir sy plaaslike verbruik kan produseer nie, het dr. A. W. O. Bock, bestuurder van die Koringraad, in Kaapstad verklaar. Die jaarlikse verbruik van koring neem steeds toe en Suid-Afrika sal moet invoer, het hy gesê.

# Vroue Gehuldig op Riversdal Rondom Vlam

Weer het die Kommando van Riversdal die Amajuba-vlam hoog laat brand op die plaas „Vryheid" van mnr. De Kock. Weer het die vrou van die Ossewabrandwag presteer onder leiding van ons ywerige Kommandante Badenhorst. Aan lekkernye het niks ontbreek nie en in 'n ommesientjie was alles omgesit in 'n mooi som tot stywing van ons fondse. Genl. en hfkomdte. Swart het van Heidelberg oorgekom en die Kommando pragtig ondersteun. In 'n toespraak het genl. Swart veral klem gelê op die onskatbare waarde en besieling van die vrou in die Ossewabrandwag. Hoe dat sy deur dik en dun altyd pal gestaan het in die geskiedenis van ons volk.

Na ete het kommandant Ras aan Boerejeugveldkornet Piet de Kock 'n klein stampblokkie oorhandig wat gemaak is deur wyle mev. Brits van die distrik Beaufort-Wes en 'n paar jaar terug deur mev. Brits op 'n O.B.-funksie te koop aangebied was in belang van die Ossewabrandwag. Kommandant Ras het daarop gewys hoe wyle mev. Brits destyds byna alles prys gegee het om die O.B. te dien. Hoe dat sy met haar eie hande die stampblokkies gemaak het en myle afgery het met 'n donkie-karretjie om haar bydrae aan die Ossewabrandwag te lewer. Daardie vrou is nie meer daar nie, maar die Boerejeug kan en moet op haar liefdes-werk vir die Ossewabrandwag voort bou deur te sorg dat die stampblokkie elke jaar op Amajubadag vol pennies sal wees om in hul kas te stort. So moet haar liefde en toewyding aan die Organisasie waaraan sy trou gesweer het, en trou was tot haar dood, vrugte dra, al is sy nie meer daar nie.

Nog voordat die verrigtinge weer begin het was daar 'n mooi neseier in die blokkie en te oordeel na die geesdrif van die jongspan, sal die stampblokkie op Amajubadag 1949 oorloop. So lewe liefdeswerk.

Nadat die Kommandant en Brandwag Fransie Ras die prosedure van die vergadering verduidelik het, het hfkomdte. Swart voorgegaan met die sing van volksliedere totdat die Vryheidsvuur om 9-uur aangesteek is. Plegtig was daardie oomblikke vir ons klompie toe ons onder doodse stilte na die vlamme staan en kyk, gedagtig dat vanaf Amajuba, oor die lengte en breedte van ons land duisende Ossewabrandwagte in stilte hul eed van trou herhaal. Nadat met gebed afgesluit is, is ons klompie uitmekaar, besiel met nuwe moed om die stryd wat voorlê voort te sit. (Korr.).

# BLITS-VERKIESING IN MEIMAAND?

**Sedert ek verlede keer die aandag daarop gevestig het, dat nòg dr. Malan nòg mnr. Havenga 'n verklaring uitgereik het oor die ooreenkoms waartoe die partye middel-**

**Politiek in Oënskou deur Waarnemer**

**Februarie in Kaapstad geraak het met betrekking tot die verdeling van setels, het die dagbladpers berig dat mnr. Havenga en sy raadgewers aangekondig het dat die Afrikanerparty niks sal sê voordat al die provinsies nie ewe ver gevorder het ten aansien van die setelverdeling nie. Dit beteken dat mnr. Havenga wag op die Vrystaatse Hoofbestuur om die Kaapstadse ooreenkoms te bekragtig alvorens hy hom daaroor uitlaat.**

Dit is nou mnr. C. R. Swart se beurt om te praat.

In die tussentyd raak die tyd min want alles dui daarop dat die verkiesing in Meimaand gehou sal word en in die kiesafdelings is die kandidate en hul organiseerders gretig om alle kragte saam te skakel en in te span. Die feit dat die Vrystaatse Hoofbestuur van die H.N.P. in gebreke bly om hom oor die setelverdeling uit te spreek — en om 'n Vrystaatse setel aan die A.P. af te staan — is niks minder as sabotasie van die verkiesingsmasjinerie van die nasionale opposisie nie.

Volgens gerugte gaan dr. Malan, of het hy reeds, sy voet neergesit en 'n vroeë bekragtiging van sy Kaapstadse ooreenkoms met mnr. Havenga, van sy Vrystaatse Hoofbestuur opgeeis. Miskien sal mnr. Swart kopgee.

### DIE LINKSE ARBEIDERS

Met die Verenigde Party se pogings om 'n vergelyk te tref met die linkse Arbeidersparty, gaan dit glo ook glad nie vlot nie.

Die Arbeiders, net soos die Kommuniste in Europa, wil 'n parlementêre mag van die Verenigde Party afding, wat totaal buite verhouding tot hul getalsterkte is. Hiervoor is die behoudende elemente in die V.P. nou eenmaal nie te vinde nie. **Net so min egter voel die V.P. daarvoor om 'n hele skool uitgelate Arbeider-kandidate te laat derdemannetjie speel in die stedelike kiesafdelings. Daarom word daar nog steeds lang-tand met die Arbeidersparty onderhandel.**

### VROEË VERDAGING

In die parlement, anders as daarbuite woed die verkiesingskoors al hewig. Parlementêre werksaamhede is lang nie meer van eersterangse belang vir die lede nie: die naderende verkiesing oorheers alle belangstelling. En die feit dat die verkiesing nou moontlik in Meimaand kan plaasvind, en dat die kieserslyste al byna gereed is, het parlementêre gemoedere totaal op hol gejaag. Lede wil graag na hul kiesafdelings gaan om vir die verkiesingstryd te gaan voorberei. 'n Vroeë verdaging van die parlement kan allesins verwag word.

### KANDIDATE

In byna al die kiesafdelings van die land het die V.P. alreeds sy kandidate aangekondig. In 'n paar stedelike kiesafdelings lê kwaai nominasiegevegte egter nog voor. Die linkse Arbeidersparty was voorbarig genoeg om 'n ellelange kandidate-lys te publiseer wat oënskynlik die V.P. moet imponeer of bangmaak.

Net in die Vrystaat het die H.N.P. reeds klaar genomineer. In die meeste kiesafdelings van die ander provinsies moet kandidate nog aangewys word. Daar word nie met die nominasies enige verrassings verwag nie.

**Hoewel die Afrikanerparty reeds die name van tien van die elf kiesafdelings wat hy moet betwis ken, het die party nog nie die name van sy kandidate aangekondig nie.**

# Mev. M. T. Steyn 83 Jaar Oud

Mev. (pres.) M. T. Steyn het verlede Vrydag haar 83e geboortedag in Kaapstad aan huise van haar dogter, mev. dr. J. S. du Toit, herdenk.

Ongeveer 300 gaste het teen die middag hul opwagting gemaak en hul wense oorgebring. Mev. Steyn verkeer nog in 'n redelik goeie gesondheid.

# PARLEMENTARISME HET IN EUROPA MISLUK, SÊ GELEERDE NÁ ONDERSOEK

**Die parlementêre stelsel van Brittanje en Frankryk wat na die Verdrag van Versailles op Sentraal-Europa met sy gemengde rassebevolkings afgedwing is, was 'n hopelose mislukking omdat dit aanleiding gegee het tot groter rassebotsing en die stigting van rassepartye. Dit is die gevolgtrekking waartoe prof. A. H. Murray, professor in filosofie aan die Universiteit van Kaapstad, gekom het nadat hy 'n grondige studie van die werking van die parlementêre stelsel in nege Europese lande gemaak het tydens sy onlangse studieverblyf in Brittanje en Holland.**

Prof. Murray het in 'n onderhoud met Die O.B. verklaar dat hy geleentheid gehad het om parlementêre en ander rapporte oor Tsjeggo-Slowakye, Roemenië, Hongarye, Pole, Litoue, Estland en Finland te bestudeer. **Dit het gegaan oor die tydperk 1920 tot 1939, en met uitsondering van Finland, het die parlementêre stelsel van Brittanje wat hier ingevoer is, op 'n mislukking uitgeloop.**

Die mislukking moet hoofsaaklik daaraan gewyt word dat die stelsel nie werk waar die volk uit verskillende rasse bestaan nie. In al hierdie lande bestaan daar minstens twee rasse-groepe en in die meeste gevalle vier of meer groepe wat gedurig teenoor mekaar staan en in elke stap van die teengroep 'n bedreiging van hul eie belange sien.

### GEEN OORBRUGGING

In nie een van die lande wat onder bespreking is, het die rassegroepe verdwyn nie, maar die rasse-skeiding is behou sodat daar rassepartye en nie beleidspartye tot stand gekom het nie.

As gevolg van die rasseverskil het dit geblyk dat die kamers van verteenwoordiging nie op beleidsake verdeeld is nie, maar op 'n rassebasis en in vyandskap teenoor mekaar staan.

### SWAK REGERINGS

Die partye wat in hierdie lande bestaan, is, volgens prof. Murray, heeltemal anders as in Suid-Afrika. Hulle beveg mekaar nie oor beleidsverskille nie maar as ras teenoor ras.

**Die kabinette was altyd swak omdat dit nie 'n koalisie-kabinet was nie, maar op 'n kompromis berus het. Geen groep was sterk genoeg om sy wil op die ander af te dwing nie.**

In die landsadministrasie het die groepe gedurig probeer om mekaar te uitoorlê. Elke rassegroep wou sy eie amptenare in die publieke diens hê en amptenare wat aan ander groepe behoort het, is gewantrou. 'n Baie belangrike verskynsel in hierdie lande was dat in nie een van hulle politieke of ekonomiese gelykheid bestaan het nie. Die gevolg hiervan was dat rie rassehaat saamgesmelt het met die ekonomiese en politieke griewe.

### BUITELANDSE IMMENGING

**Die feit dat die rasse nie met mekaar op gelyke voet kon meewerk nie en dat daar rassemeervoudigheid was in die parlement, het aanleiding daartoe gegee dat buitelandse magte op die rassehaat gespeel het en kans gesien het om in die binnelandse beleid in te gryp. Finland is vandag een van die beste voorbeelde, waar Rusland poog om met behulp van Finne sy invloed te laat geld.**

Finland is egter die enigste land waar die stelsel min of meer gewerk het ten spyte van rassemeervoudigheid, aldus prof. Murray. Dit is omdat die rassegroepe hier min of meer ekonomies en kultureel gelyk is.

### DINK OOK SO

Prof. Murray was ook in noue voeling met prof. Herold Laski van Londen en mnr. K. W. Passant, hoof van die Britse regering se Navorsingsburo in Londen. Hulle is dieselfde mening toegedaan. Die oplossing van hierdie probleme in Sentraal-Europa is egter vandag geen vraagstuk meer nie omdat Rusland besig is om alle bestaande instellinge omver te werp en sy eie daar te stel, het prof. Murray aan Die O.B. verklaar.

### GROEPSREGERING

In Holland het prof. Murray hom bepaal tot die ekonomiese opvattings en staatsteorieë wat in Nederland gegeld het toe Van Riebeeck na die Kaap gekom het. **Die staatsreëling van daardie tyd is gekenmerk deur desentralisasie. Aan die sentrale staat is slegs beperkte magte toegeken en die provinsies, gildes, en stede het hul interne outonomie behou.**

Prof. Murray meen dat hierdie staatsbegrippe wat toe in Nederland in swang was, hom dwarsdeur die Suid-Afrikaanse geskiedenis laat geld het.

Prof. Murray wil hom graag vir die herstel van hierdie tradisionele beleid beywer, en meen dat hierdie beginsel van desentralisasie in ons rassebeleid toegepas moet word.

# Gedwing Om Af Te Tree

**Oud-koning Michael van Roemenië het in Londen verklaar dat sy abdikasie op hom afgedwing is deur 'n „vreemde moondheid" en 'n regering wat met behulp van 'n vreemde moondheid aan bewind gestel is en gehou word. Hierdie regering, het hy gesê, is geheel en al onverteenwoordigend van die wil van die volk. Hy beskou hom nie gebonde aan die abdikasie nie.**

**Die prys van wol** het die afgelope paar dae met tien tot twintig persent gedaal. Daar word egter gemeen dat dit net 'n tydelike daling is.

*Verseker u Toekoms*
deur die Eienaar te word van
VASTE EIENDOM
★ BOUPERSELE
★ WOONHUISE
★ PLASE
★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON
Raadpleeg —
J. (Kotie) THERON
Posbus 78 Foon 0028
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
STRAND

PLUIMVEE
Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:
C. M. ELOFF EN KIE
(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtes

# BRITTE MARTEL DUITSERS IN KAMPE

**Britse offisiere maak van martelmetodes in Duitse ondervragingskampe gebruik, volgens 'n verklaring van Richard Stokes (Arbeider) in die Britse laerhuis.**

**Stokes het gesê dat hy die kamp by Nenndorf in Duitsland besoek het waar Duitsers in selle met 'n temperatuur van laer as tien grade benede vriespunt gevind is. Een van die geïnterneerdes het reeds 'n been weens die koue verloor.**

**Vier Britse en Geallieerde offisiere wat betrokke is by hierdie vermeende misdaad, wag tans op verhoor.**

**Daar is ook gevalle genoem waar Britse soldate jong Duitsers aangerand het. Van hulle is uit die leër ontslaan.**

(Vervolg op bl. 8)

word wanneer dit die regering mag pas. Die swaard van vervolging bly dus hang bo die kop van dr. Van Rensburg en niks kan verhoed dat dit op 'n onverwagte oomblik later neerstort nie.

### VERTOË

**Volgens berigte in die Engelse pers sou Afrikaanse organisasies, sowel as die Kerk en die H.N.P. by genl. Smuts aangedring het om af te sien van die vervolging. Die kabinet, aldus die berigte, was verdeeld oor die vraag of voortgegaan moet word al dan nie.**

# WESTERSE BLOK

Die vorming van 'n Westerse Blok deur vyf Europese lande, Engeland, Frankryk, Holland, België en Luxemburg het die afgelope naweek reeds so gevorder dat die betrokke lande ooreengestem het oor die hooftrekke van die verdrag, na Sapa-Reuter berig. Daar is ook ooreengekom dat Wes-Duitsland ten volle moet deelneem aan die herstel van Europa.

Die voorgestelde verdrag sal vir 50 jaar geldig wees en bevat slegs politieke en ekonomiese bepalings en het geen betrekking op militêre sake nie.

NOODHULP VIR DUITSLAND
DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE
(D.A.H.A.)
Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.
ONS BENODIG DRINGEND:
● Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.
● Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
● VET.
● Biltong of ander onbederfbare eetware.
STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND
of regstreeks aan die
DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)
Bloedstraat 164, PRETORIA.
Hoopstraat 105B, KAAPSTAD.
● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●

DIE O.B., WOENSDAG, 10 MAART 1948

# „TOT HIERTOE EN NIE VERDER NIE!"

Verlede week het veldm. Smuts, voor sy gaste, die besoekende Amerikaanse koerantmanne 'n benoude oproep tot die westerse wêreld en meer bepaald tot die Verenigde State gerig om nou eenmaal aan Josef Stalin, opperhoof van die Kommuniste te sê: tot hiertoe en nie verder nie!

Niemand weet of veldm. Smuts se pessimistiese besorgdheid oor die internasionale posisie ingegee word deur late wroeging vir sy eie aandeel in die totstandbrenging daarvan nie; dan of sy teatrale haltroepery nie maar verkiesingspraatjies is nie.

Dit is egter waar dat die kommunistiese aanslag op wêreldheerskappy—hul poging tot verslawing van die mensdom tergende afmetings aanneem. 'n Stadium is reeds bereik, of sal spoedig bereik word, wanneer die volke van die weste 'n beslissende keuse sal moet doen: kommunistiese agressie sal gewelddadig gestuit moet word of daar sal berus moet word in kommunistiese wêreldheerskappy.

In soverre is veldm. Smuts ongetwyfeld reg. En daar kan noual reeds gesê word dat Suid-Afrika beslis sal verkies om Stalin te stuit eerder as om te berus in sy dwingelandy.

### NIE SMUTS NIE

**Ewe-eens kan dit ook noual reeds gesê word dat Suid-Afrika nie sal verkies om sy stryd teen Stalin te voer onder die vaandel van veldm. Smuts nie! Hy het baie rede gegee en hy gee nog steeds rede om te twyfel aan die opregtheid van sy anti-kommunistiese praatjies.**

● Hy het kragtig meegedoen aan die vernietiging van Duitsland — die enigste doeltreffende bolwerk teen die kommunisme in Europa.

● Toe die Ossewabrandwag beswaar gemaak het teen 'n oorlog om 'n westerse nasie uit te roei en 'n oosterse despoot magtig te maak, het veldm. Smuts politieke speurders en noodregulasies op die beweging losgelaat en offisiere en brandwagte in tronke en kampe opgesluit sodat hy, aan Josef Stalin se sy, kon veg vir vryheid en die Christendom!

● In sy kabinet het veldm. Smuts 'n beskermheer van die Kommuniste opgeneem!

● Afgesien van veldm. Smuts se praatjies geld die feite dat daardie kommunistiese beskermheer nog in sy kabinet sit en dat die noodregulasies teen die anti-kommunistiese Ossewabrandwag nog altyd van krag is. Voorts sit daar in die koukus van veldm. Smuts se party voorbankers wat beskermhere van die kommuniste is.

● Die luidste verkiesingsmaats van veldm. Smuts is die kommunistiese Springboklegioen; en voorts die linkse Arbeidersparty van mev. Jessie McPherson, wat volgens veldm. Smuts 'n rol te speel het in ons politieke lewe. Het veldm. Smuts vergeet dat manne soos mnr. Sullivan en eerw. Miles-Cadman uit hierdie party bedank het vanweë die kommunistiese aard daarvan?

● En les bes moes dit vir die Amerikaanse koerantmanne snaaks geklink het dat veldm. Smuts wat in sy eie land kommunistiese propaganda vryelik en onbelemmerd toelaat, juis die Verenigde State, waar die Kommuniste uit die landsadministrasie gesuiwer word, moet oproep tot 'n stryd teen die hoëpriester van hierdie „duiwelse evangelie".

**Die agterdog teen die opregtheid van veldm. Smuts se anti-kommunistiese praatjies ontstaan omdat hy nie 'n vinger verroer om die Kommuniste en hul mede-reisigers in Suid-Afrika enigsins aan bande te lê nie. Inteendeel met hulle hulp beveg hy sy anti-kommunistiese teenstanders.**

### TEEN KOMMUNISME, MAAR VIR . . . . WAT?

Maar daar is ook 'n ander rede waarom Suid-Afrika veldm. Smuts nie aan die spits van 'n anti-kommunistiese stryd sal plaas nie. Hy het geen positiewe koers wat as alternatief vir die kommunisme kan dien nie. Dit is trouens die tragedie van die hele weste. Saam met die Derde Duitse Ryk is die enigste lewenskragtige en westerse alternatief vir die kommunisme tydelik in diskrediet. Veldm. Smuts **en die hele weste het gevolglik net een doeltreffende alternatief vir die „duiwelse evangelie" en dit is die Amerikaanse atoombom. Die weste het geen alternatiewe evangelie behalwe die uitbuitende kapitalisme en die verdelende partypolitiek nie.**

Daarom bly die derde wêreldoorlog uit. Politici en diplomate weet teen wie die oorlog geveg moet word, maar hulle kan nie duidelik verklaar vir wat nie!

Voordat daar aan Stalin gesê kan word: tot hiertoe en nie verder nie, moet daar eers 'n herwaardering van beskouings, begrippe en instellings in die weste plaasvind. Tot so 'n herwaardering het die Ossewabrandwag reeds gekom. Dis daarom dat die Kommuniste vir „Van Rensburg en sy generaals" aan die naaste lamppale wil ophang . . . . omdat die Ossewabrandwag lankal aan die Kommuniste gesê het: tot hiertoe en nie verder nie!

# FRANKRYK NADER AAN DE GAULLE

**As die Suid-Afrikaanse tydskrifte in die algemeen nagegaan word dan skyn hulle voor te gee dat die „Troisième Force," of soos dit in Afrikaans genoem word, die „Derde Mag," in Frankryk tog wel iets groots en invloedryk bedui. Die paar parlementêre oorwinnings van M. Schumann, die huidige Eerste Minister, word beklemtoon. Die moontlikhede van 'n politieke groep wat tussen Thorez en De Gaulle, tussen Stalin en 'n s.g. nuwe Napoleon die ewewig sal behou word geroem.**

**Wat is die feite?**

Om dit uit te vind is dit nuttig om teenoor die effens eensydige en Anglo-Amerikaansgerigte beriggewing hier te lande nogmaals die opinies uit die hartjie van die Vasteland te stel. Die bronne aldus beskikbaar is uiteraard nòg kommunisties, nòg De Gaullisties, eerder in breë sin demokraties. Onderstaande is 'n benaderde weergawe van die prentjie wat hulle ophang:

### „DERDE MAG" NOULIKS 'N MAG

Die regering van M. Schumann voer 'n moeilike bestaan met aan die een kant die kommuniste teen hulle en aan die ander kant die De Gaulliste teenoor wie hul nie regstreeks stelling durf inneem nie; **want sedert die stryd direk teen die kommuniste deur die regering gevoer word, handhaaf De Gaulle wat die parlementêre stryd betref, 'n wapenstilstand. Die parlementêre De Gaulle-invloede is derhalwe vir die regering se voortbestaan onontbeerlik.**

Tewens is daar partye in die kabinet verteenwoordig wat weens die aard van hulle aanhang nòg teen nòg vir De Gaulle kan optree. Toe Blum nie 'n bewind kon vestig nie het die laaste hoop op 'n kabinet buite die De Gaulle-invloedsfeer verdwyn. Tans word elke belangrike stemming in die Nasionale Vergadering deur omslagtige onderhandelings voorafgegaan waarin die Regering vir elke afgevaardigde se stem met die een of ander toegewing moet bie.

Soseer word die toegewings dikwels in die rigting van De Gaulle se beleid gedoen dat daar reeds van „Gaullisme sonder De Gaulle" sprake is.

### WANKELENDE STELSEL

Hoe lank die smousery daarin sal slaag om die Regering staande te hou is baie twyfelagtig, want die bestaande grondwet leen homself nie tot stabiliteit nie. Dit was tewens destyds reeds De Gaulle se

## Deur „Toeskouer"

beswaar daarteen. Onder 'n hele aantal redes is die proporsionele verteenwoordiging van partye wat aan 'n hele boel groepe verteenwoordiging in die parlement laat toekom en wat die bestaan van regerings van die samestelling van wisselvallige koalisies afhanklik maak, een van die deurslaggewendes. **Tewens is die Franse grondwette van oudsher 'n waarskuwing vir diegene wat gemeen het dat die Britse parlementêre stelsel sommer oral deur wetgewing ingevoer kan word. Dis 'n noodlottige waan waaroor 'n boekdeel gevul kan word.**

### KOMPROMIS-BELEID

Die beleid van die „Derde Mag" is ook maar flouerig. Dis dikwels 'n kompromis en dikwels verward. Hoewel dit daarop aanspraak maak om nie net tussen Gaullisme en Kommunisme te staan nie, maar ook tussen Moskou en Washington, is dit waarskynlik baie nader aan Washington as De Gaulle ooit sal wees.

Alles in aanmerking genome is die veelgeroemde „Derde Mag" waarskynlik slegs 'n joernalistieke bynaam vir 'n bouvallige koalisie-regering, 'n regering waarvan gesê word dat dit heelwat simpatiseerders onder sy volgelinge tel, maar geen gelowiges nie.

# Is Daar 'n „Derde Mag'?

### EN NOU DE GAULLE?

Die gevoel bestaan dat die Kommuniste hul kanse om binne die onmiddellike toekoms deur 'n verkiesing aan bewind te kom teen die end van 1947 verspeel het. Hulle het hul houvas op die verenigde Franse vakbondwese verloor, die masker van 'n skynbare vaderlandse party soos al die ander partye van die gesig gehaal. In die eerste helfte van 1948 sal De Gaulle waarskynlik sy kans kry.

### DE GAULLE SE BEWEGINGS

**Hoewel De Gaulle die huidige regering se anti-kommunistiese parlementêre optrede nie teengaan nie, gaan hy voort met sy volgehoue propaganda teen die parlementarisme en partye in die algemeen, ten gunste van 'n stelsel van beroepsverteenwoordiging en arbeidsorganisasie op lees van die Duitse Arbeidsfront van weleer geskoei.**

Sy gevolg is gemengd en bestaan o.a. uit teleurgestelde patriotte uit die oorlogse „Resistance"-beweging, 'n groepie revolusionêre denkers, ekonomies-bedreigde persone uit alle stande en vroeëre Petainiste, onder wie Franse koningsgesindes en andere wat die oorblyfsels van die Frankryk wat hulle bemin het wil red.

### SY KANS . . . . .

Uit dit alles het uit die aard van die saak nog nie 'n hegte organisasie tevoorskyn getree nie. Dit sal deur die toekoms nog getoon moet word wat De Gaulle van die moontlikhede sal maak. Dat hy egter die grondstowwe byderhand het en die kans kry om iets daarvan te maak, lyk na 'n nie te gewaagde voorspelling vir 1948 nie. Van sy welslae hang meer as net die lot van Frankryk af.

# VOORSPEL DIT OORLOG?

Hoewel Amerika die afgelope jaar meer staal as selfs in vooroorlogse vredesjare, vervaardig het word die tekort aan staal by die dag ernstiger en sakemanne wat met Amerikaanse staal sake doen, verklaar dat hulle baie min staal kry.

Daar is, volgens hulle, net een uitleg hiervoor, nl. dat Amerika sy staal vir wapens gebruik.

# 13 MILJOEN WESE: VRUGTE VAN OORLOG

**Volgens gesaghebbende skatting is daar tans 13 miljoen ouerlose kinders in die wêreld as gevolg van die oorlogsgeweld. Die wese in Duitsland, waaroor daar geen beskikbare gegewens is nie, maar wat baie miljoene moet wees, is nie hierby ingesluit nie.**

**Die syfers is as volg: Pole 2,000,000; Joegoeslawië 500,000; Frankryk 250,000; Roemenië 280,000; Italië 250,000; Hongarye 200,000; Tsjeggo-Slowakye 27,000; Bulgarye 38,000; Rusland 9,000,000; Finland 47,000; Albanië 10,000; België 20,000; Luxemburg 690.**

**Met watter haat moet hierdie miljoene wese staatsmanne soos veldm. Smuts bejeën, wat nou erken dat die oorlog tevergeefs was en dat die resultate van die oorlog heeltemal anders uitgeval het as waarvoor dit geveg is. Hierdie kinders is deur 'n sinlose oorlog beroof van hul onvervreembare erfreg, naamlik ouerliefde. Slegs kortsigtige staatsmanne soos veldm. Smuts wat teen hul eie beterwete geveg het, dra die skuld vir die ramp wat hierdie miljoene getref het.**

## REISPROGRAM GEBIED „A"
## Wes-Kaapland

**Die Kommandant-Generaal,**

**DR. J. F. J. VAN RENSBURG**
**spreek vergaderings toe op die volgende datums:**

**LOXTON, 11 Maart, Kerksaal, 8 n.m.**
**CARNARVON, 12 Maart, Afr. Gedenksaal, 8 n.m.**
**FRASERBURG, 13 Maart, Stadsaal, 4 n.m.**
**SUTHERLAND, 15 Maart, Kerksaal, 8 n.m.**
**CALVINIA, 16 Maart, Ou Kerksaal, 8 n.m.**
**CLANWILLIAM, 17 Maart, Stadsaal, 8 n.m.**
**STELLENBOSCH, 18 Maart, Stadsaal, 8 n.m.**

**Alle vriende en belangstellendes word vriendelik uitgenooi.**

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Staan Magteloos

„Contra-Kominform," Kaapstad, skryf: Daar word gesê dat „elke oorlog eers na die oorlog beslis word."

In die lig van die gebeure die afgelope twee jaar is dit heeltemal duidelik dat die Tweede Wêreldoorlog beslis is ten gunste van Sowjet-Rusland, wat die enigste oorwinnaar is. Die Kommuniste het in Europa alleen onder andere die volgende lande verower: Die Baltiese state, Estland, Litoue en Letland, Pole, Burgarye, Suid-Slawië, Albanië, Hongarye, Roemenië, Tsjeggo-Slowakye. Die volgende aan die beurt is waarskynlik Finland. En dan Italië, Oostenryk, Frankryk, Griekeland, Noorweë.

Ons Veldmaarskalk sê „die toestand is buite mensebeheer."

Mnr. Averell Haniman, Amerikaanse Sekretaris vir Handel, het onlangs verklaar dat Rusland 'n groter gevaar is as wat Hitler was.

Dit is werklik pateties hoe magteloos die V.S.A. en Brittanje vandag staan teenoor daardie duistere magte waarteen Hitler die Weste 25 jare lank gewaarsku het.

# Samewerking

Mnr. G. J. Swart, Westdene, Johannesburg, skryf:

In die laaste tyd het ons veel gehoor van die komende verkiesingsooreenkomste en menige opregte Afrikaner en andere ook, vestig seker hulle hoop op 'n wonderwerk-uitslag. En dit sal 'n wonderwerk wees as iets konstruktiefs tot stand kom. Laat my somaar dadelik sê dat ek nie in die minste glo aan sulke ooreenkomste nie, want dit het nog nooit iets beteken nie en nog minder sal dit deug in die toekoms, maak nie saak watter party of partye dit aangaan nie. As daar nie **eenheid** uit die volk gebore word nie is 'n kunsmatige gedoente en 'n onheilige gemors, wat net een hand en een voet kan gebruik omdat hy 'n ketting aan elkeen van die ander het.

Hoewel 'n mens voel dat iets gedoen moet word, en ek glo dat oom Klasie dit hart en siel goed meen, tog kan daar nooit ware **volkseenheid** wees tensy dit uit die **volksiel** gebore word deur die besieling van een gemeenskaplike **ideaal** soos die van ons **volksorganisasie**! Dis snaaks dat die man wat eers kammig die Evangelie verkondig het nog nooit ag geslaan het op Paulus se woorde . . . . dat **partydigheid** (en dus partye wat daaruit gebore is) 'n **afgodediens** is en derhalwe 'n gruwel vir God. Of staan dit nie in die Party-bybel nie? Die hooghartigheid wat aan die dag gelê word, is bewys genoeg dat daar geen erns is nie en nog minder broederliefde om broederliefde, maar slegs om vuil gewin, want hoe verag en weer hy nie die O.B.-Afrikaners nie! Selfs die Stallardiete word bo hul verkies. Ek vra u kan daar enige sweem van opregtheid wees?

As hierdie ooreenkoms enige betekenis moet hê dan kan dit alleen geskied deur **onpartydige** Afrikaner-manne van eer te nomineer, manne wie se hande onbevlek is met die vuil partypolitiek en sinnelose haat en verdagmakery teenoor sy mede-Afrikaner wat net so goed en miskien beter is as hyself. Wat is verkeerd met adv. Pirow? Moet hy en die syne buite staan of gehou word. Volgens dit skyn, wil die Party nou mnr. Warren, een van die weiniges wat nog iets beteken in die Praathuis, uit ons kiesafdeling Swellendam druk . . . laat skande hulle loon wees!!!

Nog 'n ding wat ek al sat voor is, is die ewigdurende getjank oor Engeland se armoede. Ek het alles goed oorweeg en is oortuig dat dit een van die grootste stukke bluf is wat nog ooit die lig gesien het. Deur sy armoede voor te hou, wan almal te bedel en sy goed ten duurste te verkoop, is hy besig om sy ou posisie terug te win. Daar is kammig 'n tekort van 350 miljoen maar met dieselfde asem word darem vertel dat hy sy buitelandse beleggings met oor die 200 miljoen vermeerder het. Sy ekonomie lewe so swaar maar sy emigrante waai met enorme bedrae . . . wat die gewone armsalige goed nog nooit besit het nie . . . dus is dit Staatsgeld. So raak hy ontslae van al die nutteloses, en voer Duitse slafies in.

# GEPRAAT SONDER DADE

**Johannes, Pretoria, skryf:**

Hoe lief mens ookal vir dinge is waarmee jy groot geword het, blyk dit baie maal onmoontlik om daaraan vas te hou.

Dis wonderlik as jy in die rigting dink, dan dink jy eerste aan mense wat hul tuistes verlaat, en veral soos in vorige eeue, 'n vreemde land, onbewoonbaar en vol barbare, verkies as woonplek.

Die trekgees is sekerlik nie net 'n drang en wil van mense nie, maar 'n heilige roeping van God; in daardie lig het ook die Voortrekkers hulle plig gesien en aanvaar. Want as 'n mens dit nie as sodanig beskou nie, kan jy nie tot sulke hoogtes lei nie, en jou dade en ideale nog eeue daarna ander laat inspireer nie.

Solank as wat daar 'n wêreld en mense is, sal daar altyd nuwe ideologieë wees. En hoe swaar dit is, en hoeveel smart dit ons bring, dis ons roeping en plig om te gehoorsaam aan die eise wat God vir ons in die twintigste eeu beplan en bepaal het. Die manne wat geroep is sal moet kies vir hulle volke. Baie het al gekies, en baie sal nog moet kies. Gelukkig vir die Afrikaner dat 'n deel ingesien het dat die ou wêreld aan die sterwe is, en die rigting gekies het na die eise van die tyd, maar tot ere van die Here. Dus is die Afrikaner versorg en voorbereid vir nuwe dinge, ons vra maar net weer soos altyd, gee ons 'n staanplek en ons reg en ons sal handhaaf en bou.

'n Mens is amper al skaam om oor al die dinge te skrywe, want daar is haas geen ernstige probleem waaroor nie tot in die fynste besonderhede geskrywe en gepraat is nie en dit bly net daarby. Die politici het al so aansteeklik op ons gewerk dat jy maar net skrywe en praat oor 'n saak dan is dit reg. Dis 'n kwaal waarvan ons sal moet probeer om baie gou ontslae te raak, of anders sal die volgende geslagte net praat, en daar sal masjinerie moet uitgevind word wat al die werk kan doen.

Ek wil ook nog iets sê omtrent die verskuiwing van die platteland na die stede. In die saak self is daar geen fout nie. Dis ook met smart dat die plattelander na die stede verhuis. Dis 'n roeping en plig, en 'n sware ook, maar wat dit nog moeiliker maak, is dat jy in dié opsig alleen moet stry en ly, sonder hulp en voorligting. Ek wonder my nie dat so baie hier verswelg word deur die vloedwaters van wêreldgesindheid nie, maar ek bewonder diegene wat met soveel krag en pragvertoon alles trotseer en 'n vaste koes hou, sy roeping getrou.

# .A. BEHOORT NIE VOEDSEL UIT TE VOER, SÊ BRIT

**Indien Suid-Afrika sy groeiende blanke en nie-blanke bevolking behoorlik wil voed, sal hy in die volgende twee jaar geen voedsel na Brittanje kan uitvoer nie, is die mening van burggraaf Bledisloe, 'n bekende Britse landbou-deskundige. Hy het die mening uitgespreek tydens 'n perskonferensie in Kaapstad.**

Hy het gesê dat as hy die Unie raad verskuldig is, dan moet hy selfonderhoudend word en sy hand so min moontlik in voedselpoele steek.

**Dat 'n Brit hierdie teregwysing aan Suid-Afrika rig is veelseggend.**

Volgens syfers wat deur die regering verstrek is, het die Unie in die afgelope twaalf maande wat eindig op 30 November 1947 123,166 pond ingemaakte vleis, 101,281 pond ingemaakte vleis met groente en 28,283,906 pond suiker uitgevoer.

Behalwe die suiker, het die grootste hoeveelheid uitvoer na Brittanje geskied. Hierdie syfers sluit natuurlik nie die duisende ponde voedsel in wat deur middel van geskenkpakkies die land uitgaan nie.

# Britse Lening In V.S.A. Kapot

Die Amerikaanse lening aan Brittanje wat £937,500,000 bedra het, is boomskraap. Brittanje het verlede week die laaste £25,000,000 van die lening getrek. Die lening moes eintlik drie jaar gehou het en daar is bereken dat Brittanje se ekonomie weer normaal sal wees teen die tyd dat die lening gedaan is aangesien die lening moet dien om die oorgangstydperk van te veel invoer en te min uitvoer te oorbrug en die nuwe bedeling in te lui. In werklikheid het Brittanje die lening binne 20 maande opgeslurp en is die gaping tussen uit- en invoer tans groter. Die eerste bedrag is op 18 Julie 1946 getrek.

Brittanje vestig nou weer sy hoop op die hulp wat hy onder die Marshall-plan sal kry. Intussen lewe hy solank van die Suid-Afrikaanse goudlening en van aalmoese.


BRILLE


Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.
GEHOORAPPARAAT
Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
Besoek ons of skryf om Besonderhede.

• WAARDE
• KWALITEIT
• VERSKEIDENHEID

DAMES-, MANS- en KINDER-UITRUSTERS SNYERS

UNIEWINKELS
Beperk
KERKSTRAAT 275 — PRETORIA
TAKKE: Johannesburg, Benoni, Vereeniging, Kaapstad.

Slegs £20 bring u die



KLEINE WONDER
SEMENT-STEENMAAKMASJIEN

Maak volkome reghoekige, welgevormde sementstene op die plek **waar u hulle nodig het.** U sal tyd en geld spaar in vervoer, messel en pleister. Vier arbeiders kan 4,000 stene per dag maak. Die „KLEINE WONDER" kos slegs £20 v.o.s. Hopefield. Die onderstel kos £10 ekstra, maar enige stewige stellasie is vir hierdie doel geskik.

J. H. BUHR
Posbus 18
Voortrekkerstraat - Hopefield
Telegramme: „BUHR"

EXCELSIOR Meubels BPK.


*Bied u u Huishoudelike Benodigdhede teen die Laagste Pryse aan.*

MAKLIKE VOORWAARDES WORD GEREËL

Besoek ons te:

JOHANNESBURG - - - - Pleinstraat 40
PRETORIA - H/v Andries- en Pretoriusstrate
KAAPSTAD - - - - - - Pleinstraat 47/49
BLOEMFONTEIN - - St. Andrewstraat 123
KROONSTAD - - - - - - Cross-straat 42
VEREENIGING - - - - - Marklaan 17C
POTCHEFSTROOM - - - - Kerkstraat 108
FICKSBURG - - - - - - - - Markplein

In u eie keuse van materiaal teen slegs 15/- per week.



Excelsior Meubels Beperk,
Posbus 6670, Johannesburg
Stuur Gratis Katalogus
Naam ..............................
Adres ..............................
OB

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na **Posbus 1411, Kaapstad.**

# KNIEDIEP IN MODDER OM ATOOMSTOF TE GRAWE VIR RUSSE

**'n Verhaal van hoe die Duitsers verplig word om onder die mees primitiewe toestande in modder en water vir die Russe atoomstof in Duitsland te grawe, word vertel in onderstaande brief van 'n voormalige Duitse soldaat wat in die Britse besettingsgebied woonagtig is maar sy vrou in die geheim uit Russies-Duitsland gaan haal, en uitgesmokkel het. Die brief is so pas deur 'n vriend in Suid-Afrika ontvang.**

„In Schlesien is daar nou amper nie meer Duitsers nie — die Pole het hulle almal uitgeskop. Volgens wat mense my vertel, moet die toestande daar jammerlik wees. Ek is nie baie goed ingelig oor die toestande in die Ertzgebirge nie, maar aangenaam is dit beslis nie in die Russiese sone nie.

**Gedurende my reis deur Sakse het ek baie jong mense uit die mynbedryf in die Ertzgebirge ontmoet, en volgens hulle het die Russe tienduisende mense aan die werk gesit en hulle werk onder die mees primitiewe omstandighede om uraanerts te grawe in Oberschlema (die belangrikste radiumbron in die wêreld) Marienberg, Scheenberg ens. As mens hoor wat hulle vertel moet mens jou kop skud en wonder of daar nog sulke mynmetodes in die moderne eeu van tegniek bestaan.**

**MODDER EN WATER**

Die erts word onder in die myn in kaste gegooi en na die oppervlakte gebring. Daar word dit dan op vragwaens gegooi wat daarvoor wag en weggery— niemand weet waarheen nie.

**Onder in die myne werk die mense in modder en water, soms tot by hul knieë toe. In die begin is vroue en meisies ook in die myne laat werk, maar nou word vrouens slegs bo-op aangestel. Soms werk die werkers vir twee of drie skofte aaneen as dit die Russe behaag. As 'n werker nie vir 'n skof opdaag nie, word sy bykomstige rantsoenkaarte soos sigarette en brandewyn, weggeneem en hy word ook in hegtenis geneem."**

## GEBOORTE

LAUBSCHER. — Aan genl. en mev. W. R. Laubscher 'n fris seun op Vrydag, 5 Maart. Moeder en seun albei gesond.

## BOME, PLANTE EN SAAD

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.—Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK**

**ROOSBOOMPIES, WINGERDSTOKKIES,** Ens. vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslys aan LA MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

**UISAAD. — Vars en Goewermentsgesertifiseerd.** Australiese Bruin 6/- per lb. Vroeë Kaapse Plat 7/6 per lb., Silver King 8/- per lb. — KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 18/2/7

## GEMENG

**GRAFSTEENMAKERS. — Vir gewaarborgde tevredenheid tree in verbinding met die S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EIENS.) BPK.** van Voortrekkerweg 360, Maitland. (Onder persoonlike aandag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Cillie). Telefone—5-4420 en 5-02823.

**SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verseker van die beste dienste by VOORTREKKER SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/26**

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**
**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Carlstraat 574, Pretoria. 3/12/TK.

## HORLOSIEMAKER

**DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word gewaarborg en spoedige aflewering. — P. PRETORIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454**

## LOSIES AANGEBIED

**STILBAAISTRAND.** — Plek vir loseerders dwarsdeur die jaar, goeie behandeling teen billike terme. Heerlike strandoord; pragtige uitsig oor die baai. Doen dadelik aansoek: Mev. L. KUNZ, „Vredelus," STILBAAISTRAND. 10/3/2

## MEUBELS

**MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.**

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

## SOUT TE KOOP

**BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout £2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout £2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARTIE VENTER, P/s. No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK**

**VRIENDE** ek vra u ondersteuning. Bestel van my mooi sout, in goeie graansakke: A.1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 48/-, per ton. Onmiddellike versending, tevredenheid gewaarborg. —S. J. DE BEER, Soutwerk, Pk. Florisbad. 14/1/TK

## TE KOOP AANGEBIED

**APPELS.** — Eerstegraad Ohenimuri teen 20/- per boeselkis. 30/50 enkellaag platkissies teen 5/-. Doeleinde teen 12/6 per boeselkis. Kontant of K.B.A. v.o.s. Bethlehem. Ander soorte later. Gewaarborg vry van appel-mot. — J. H. COETZEE, Woltemade, BETHLEHEM. Telefoon No. 1803. 25/2/3

**BRANDHOUT.** — Wattle, 9 duim gesaag, 14/- per ton, spoor Mollissimasylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek.—**HENNIE MENTZ,** Privaatsak, Greyton, Natal. 28/1/TK

**KAMPMAATS! — Aandag! —** „Die Swarthand" bied aan: hooggeteelde dagoud Australorp-kuikens, £6/7/6 per 100. Mei tot Oktober-aflewering. Bevrediging gewaarborg. BAREL PRETORIUS, Rosarun, Pos Bloemfontein. 3/3/4B

**KAAS.** — Heerlike Gouda-kase van twee-pond en groter teen 1/8 per pond. Posgeld ekstra. — S. BEKKER, Kleinfontein, TARKASTAD. 10/3/2B

**SPEELSKEIE EN SWINGELS. —** Speelskeie gemaak van die beste natuurhout, goed ge-olie teen barste. Bottelvormig en dwars teen 4/- per paar. Ander tipes teen 5/- per paar. **Swingels** kompleet. Donkie teen 5/6; Muil teen 6/6 per stel gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 11/2/TK

## *Sal Palestina Met Geweld Verdeel*

**Die Joodse Agentskap het die Veiligheidsraad meegedeel dat indien hulle sou besluit om nie meer die verdelingsplan van Palestina deur te voer nie, die Jode dit met wapengeweld sal deurvoer.**

# L.V. WIL NIE-PARTY-GROEP STIG

**Adv. J. R. Stratford, 'n vooraanstaande lid van die V.P., het aangekondig dat hy van voorneme is 'n nie-partypolitieke groep in die lewe te roep waardeur die gees van libiralisme wat tans geen kanaal het om langs te vloei nie, saamgesnoer sal word.**

Hy het verklaar dat hy reeds met verskeie L.V.'s in voeling was en dat hy meen dat daar steun vir sy standpunt is. Mnr. Stratford voel dat die kleurvraagstuk by die dag dringender word en dat dit buitekant die party-politiek opgelos moet word.

In die wandelgang van die volksraad het hierdie bekendmaking opskudding veroorsaak. Die V.P. vrees dat dit net hul stemme sal verdeel by die a.s. verkiesing. Daar is egter ook verklaar, o.a. deur mnr. R. J. du Toit, V.P.-lid vir Kaapse Vlakte, dat daar ruimte vir so 'n groep bestaan.

## *Mynwerkers Vra Hoër Lone*

Mynwerkers aan die Rand het veldm. J. C. Smuts verlede week versoek dat die lone en diensvoorwaardes van alle werkers op die goudmyne verbeter moet word. Hulle vra onder meer dat hul lone met een-agste verhoog word en vra verder dat hul werksweek tot 40 uur per week beperk word.

'n Gesamentlike Raad van Mynwerkers waarin alle vakbonde verteenwoordig is, het hierdie versoek voorgelê.

Die versoek plaas die regering in 'n moeilike posisie aangesien hy graag die steun van die Kamer van Mynwese sowel as van die mynwerkers wil behou.

## Bydraes Van Gebied C.

Genle. mev. C. Meyer, Hoofvrou van Gebied C, berig dat sy die volgende bedrae ontvang het as gevolg van 'n spesiale oproep aan vroue-eenhede van daardie gebied:

Vryburg (C10a7) per komdte. Oberholzer £14-8-9; Vryburg (C10b6) per adjudante Moolmans £9-8-3; Arlington (C6b7) per komdte. De Wet £1-14-3.

Dit word met dank erken.

**SPEELSKEIE.** — Bottelvormig teen 3/9 per paar. Kopskeie 4/6, Agtkantige 5/- per paar onderskeidelik. **Donkieswingels** teen 5/- en **muilswingels** 5/6 een trek. K.M.B. — KOOS BOTHA, P.S. Serpentine, George. 3/3/9

**UITSTEKENDE BESIGHEIDSPERSEEL** op Parys, O.V.S. Doen verder navraag by E. Kellerman, „Gemoedsrus," Kortstraat, PARYS. 10/3/1B

**HONDJIES.** — Gekruisde boerboelpronkrug-hondjies, twee maande oud. Die beste wag- en jaghonde verkrygbaar. Rowers, bobbejane en jakkalsvangers. Getrou en lief vir kinders. Prys £4/4/- op spoor.—J. P. VILJOEN, Rustdal (Foon 812), INDWE (Ida). 10/3/2B

## Noodhulpfonds-Bydrae Gebied A

Met die erkenning van die bydraes van bostaande fonds in Die O.B. van 21 Januarie ll. het daar 'n foutjie ingesluip. Die bedrag van £19 19s. wat erken is as 'n bydrae van J. W. Mohr, moet lui: Stellenbosch Vrouekommando (A3b6) per J. W. Mohr £19 19s.

## Salarisse Van Onderwysers

Die Administrateur van Kaapland het verlede week nuwe voorstelle gedoen in verband met die salarisskale van onderwysers in Kaapland. Die voorstel is goedgekeur deur die Gesamentlike Raad van die S.A.-O.U.

Die jaarlikse salaris van verskeie groepe onderwysers sal volgens hierdie skaal dieselfde wees as kragtens die kerf-vir-kerf stelsel waaroor daar al so baie geredekawel is.

Die salarisse van ander groepe sal weer minder wees as volgens die kerf-vir-kerf stelsel, maar die verskil is nie baie groot nie.

## *BOND OM RUSLAND TE STUIT*

**Die treurspel van 1939 sal herhaal word as Rusland nie sy agressiewe beleid verander nie. Die stryd gaan nie meer om te verhoed dat Europa in Oos en Wes verdeel word nie maar om te verhoed dat Wes-Europa deur die Ooste ingesluk word. Ons moet gou optree en dit verhoed.**

So het lord Salisbury, die leier van die opposisie in die Britse hoërhuis, verklaar toe hy 'n beroep gedoen het dat die Weste 'n Wes-Europese Bond tot stand moet bring.

Net soos Hitler het Rusland die hele Balkan ingepalm. Dieselfde tegniek is toegepas, het hy gesê.

Lord Pakanham, minister wat belas is met die Britse administrasie in Duitsland, het verklaar dat alles gedoen moet word om in vrede met Rusland te leef.

## Wyle Mnr. A. J. Werth

Mnr. A. J. Werth, L.V. vir George, is verlede Donderdag na 'n lang en ernstige siekbed op George oorlede. Weens sy siekte het hy nie die huidige volksraadsitting bygewoon nie.

Mnr. Werth is op 6 Maart 1888 op Malmesbury gebore en nadat hy sy opleiding op Stellenbosch voltooi het, het hy onderwys gegee. Hy het die eerste keer in 1920 tot die volksraad toegetree waar hy tot 1926 gebly het. In hierdie jaar het hy Administrateur van Suidwes geword en waardevolle dienste gelewer. As Administrateur is hy ook in 1929 na Genève waar hy aan die Mandaatkommissie gaan verslag doen het.

In 1938 is hy weer verkies as lid van die volksraad en was veral 'n deskundige op finansiële gebied.

Die Britse koning en sy gesin sal Australië en Nu-Seeland vroeg aanstaande jaar besoek.

# Russe Onderdruk Godsdiens In Duitsland

**Gepaard met die Russiese beleid in Duitsland om sy Kommunistiese instellings vir goed by die volk te laat insink, is die Kommuniste besig om alle persone wat hulle openlik met godsdiens bemoei, uit die weg te ruim. Spioenasie en vervolging het so 'n omvang aangeneem dat niemand weet of hy veilig is wanneer hy selfs met sy beste vriend oor Godsdiens gesels nie.**

Katolieke jeugleiers in die Russiese gebied word uit die weg geruim en die huise van sulke persone deur die Russiese polisie deursoek. Op alle stukke wat betrekking het op godsdienstige bedrywighede, word beslag gelê. Twee jong manne, Otto Gallus en Werner Himmer, wat as leiers opgetree het, is onlangs in hegtenis geneem en sedertdien is nog niks weer van hulle gehoor nie. In Leipzig is nege ander Katolieke jeugleiers in hegtenis geneem. Onder die vervolgde persone is baie van diegene wat reeds uit die Ooste vir die Russe gevlug het, aldus 'n korrespondent van Southern Cross.

In die ander gebiede het die kerk te kampe met die golf van onsedelikheid wat die volk beetpak — blykbaar as gevolg van die ellende waarin hulle verval het. Dit kom voor asof alle opvattings van eerlikheid en ordentlikheid besig is om te verdwyn. Die seksuele misgrype is skrikwekkend. In Cologne was daar in 1946 meer as 4,000 egskeidings. Geslagsiektes het 25 tot 30 keer vermeerder. Diefstal onder die jeug is aan die orde van die dag.

## Belangrike Vergadering

**STELLENBOSCH - STADSAAL**

**DONDERDAG, 18 MAART**

om 8-uur n.m.

**Spreker: Die Komdt.-Genl.**

*Kom seker en bring u vriende saam!*

# DIE BETEKENIS VAN ARBEIDSDIENS

# GESINSDIENS

(Vervolg)

Dit spreek natuurlik vanself dat die grondbeginsels en doelstellings van die arbeidsdiens van die meisies dieselfde is as dié van die arbeidsdiens van die seuns.

Die hoofverskil is dat die arbeidsdiens van die seuns neerkom op landsdiens of bodemdiens terwyl dié van die meisies moet bestaan in gesinsdiens, en wel op grond van die natuurlike verskille wat daar tus-

*Deur Prof. Dr. G. Cronjé*

sen die twee geslagte bestaan.

Met betrekking tot die noodsaaklikheid van die gesinsdiens vir meisies moet veral op die volgende gelet word:

(i) Steeds minder as wat in die verlede die geval was, ontvang meisies tans in hulle eie huisgesinne die nodige voorbereiding vir hulle toekomstige taak as huisvroue en moeders, met die gevolg dat baie jong meisies vandag in die huwelik tree sonder dat hulle bevoeg is om 'n huishouding te behartig. Dit is 'n toestand waaroor enige volk hom besorgd moet maak. Daar word teenswoordig meer waarde geheg aan ander dinge terwyl die mening blykbaar bestaan dat dit nie so danig nodig is dat die jongmeisie juis voorberei moet word vir die behartiging van haar toekomstige huislike en moederlike taak nie. Sy word so in beslag geneem deur die onderwys, die beroepsopleiding en die vrytydsbesteding dat daar vir iets anders nie veel tyd oorbly nie. Wanneer die jongmeisies van die volk só opgevoed word en só voorberei word vir hulle lewenstaak, kan dit verwag word dat daar by hulle maar net 'n floue en vae gesinsbesef aanwesig sal wees en dat die volk die wrange vrugte daarvan sal pluk.

### GESINSBESEF

In die belang van 'n lewenskragtige gesinslewe en 'n gesonde volkslewe is dit noodsaaklik dat daar by die jongmeisies, die toekomstige moeders van die volk, 'n wakkere gesinsbesef en 'n juiste gesinswaardering aangekweek sal word. **Hulle moet voorberei word vir die gesinsarbeid en daardie arbeid beoefen en die onskatbare waarde daarvan belewe nog voor hulle in die huwelik tree.** Met betrekking tot hierdie hoogsbelangrike sy van die opvoeding van die jongmeisie bly talryke huisgesinne vandag in gebreke.

Wanneer in hierdie verband na daardie leemte verwys word, is dit nie die bedoeling dat die een of ander opvoedingsinstelling (in hierdie geval die arbeidsdiens van die meisie) daardie opvoedingstaak van die huisgesin moet oorneem en aldus die huisgesin van daardie plig moet onthef nie. Dit sal geen gesonde beleid wees nie omdat dit te veel afbreuk sal doen aan die opvoedingstaak van die huisgesin. **Wat allereers nodig is, is dat die huisgesin aandag moet skenk aan die behoorlike opvoeding van die jongmeisie, d.w.s. dat die moeder moet toesien dat haar dogter nie onvoorbereid en sonder 'n wakkere gesinsbesef in die huwelik sal tree nie.** Hierdie eis veronderstel natuurlik dat die moeder bevoegd en by magte is om daardie plig teenoor haar dogter na te kom — 'n veronderstelling wat teenswoordig nogal nie altyd geregverdig is nie.

### AANVULLEND

In elk geval, selfs al sou die voorbereiding en opvoeding wat die jongmeisie in haar eie huisgesin vir haar toekomstige huislike en moederlike taak ontvang, meestal nie veel te wense oorlaat nie, sal die gesinsdiens nog in hierdie verband 'n taak hê wat aanvullend by die van die huisgesin is. En in die besonder moet dan daarmee rekening gehou word:

(a) dat daar jongmeisies is wat nie in hulle eie huise en van hulle eie moeders die nodige voorbereiding en opvoeding ontvang nie;

(b) dat jongmeisies vanweë die onderwys en beroepsopleiding nie meer soveel soos vroeër in hulle gesinsverband lewe nie; en

(c) dat in die stede duisende jongmeisies wat in die beroepsarbeid ingeskakel is, buite enige gesinsverband lewe en aldus die geleentheid om die genoemde voorbereiding en opvoeding te ontvang, nie het nie. Hierdie oorwegings maak die taak van die gesinsdiens des te belangriker en des te noodsaakliker.

### GROOT BETEKENIS

**Ook moet in gedagte gehou word dat die Afrikanervrou in die verlede in haar volksgemeenskap haar groot betekenis verkry het, nie deur die beoefening van die beroepsarbeid nie maar deur by uitstek huisvrou en moeder te wees.** Sy het altyd weer nuwe lewe aan die volk geskenk, altyd weer nuwe geslagte opgevoed, en aldus steeds haar spore op die karakter van die volk gelaat. Dit het sy ook as haar taak beskou. Die gesinsbesef het in haar lewenshouding sterk op die voorgrond getree. Dit moet erken word dat dieselfde oor die algemeen nie meer van die hedendaagse jongmeisies geld soos dit van hulle voorgangers waar was nie.

**En verder moet daarop gewys word dat die vrou nooit in die beroepsarbeid dieselfde mate van selfverwesenliking en lewensvreugde deelagtig kan word as wat sy in die gesonde en ryke gesinslewe kan belewe nie.** Daarvoor val nie eens te redeneer nie. Maar, as die jongmeisie vir die beoefening van haar beroep voorberei moet word, moet sy net sowel ook vir die behartiging van haar toekomstige huislike en moederlike taak die nodige toerusting ontvang.

### BEHOEFTE

(ii) Daar is duisende huisgesinne waar die hulp van jongmeisies wat oor die nodige vaardigheid en bedrewendheid beskik, 'n dringende behoefte is, selfs ook al sal dit nie voortdurende hulp wees nie. Dit geld b.v. van die minderbevoorregte huisgesinne maar beslis nie net van hulle nie. Daar is ook talryke bevoorregte huisgesinne waar die vrou nie meer as een bediende het nie, terwyl sy ook nog kinders moet grootmaak en die versorging van haar kinders nie aan nieblankes wil toevertrou nie. As daardie huisvroue wat klein kindertjies het, van tyd tot tyd 'n mate van huishoudelike hulp kan kry, veral in verband met die versorging van hulle kindertjies, sal dit hulle moederlike taak baie verlig. **'n Opvoedingsinstelling wat in daardie behoefte kan voorsien, sal 'n baie groot diens lewer aan die moeders wat menigvuldige huislike en moederlike pligte het wat hulle moet nakom.**

Met betrekking tot die noodsaaklikheid van die arbeidsdiens vir die meisies (d.w.s. gesinsdiens) moet daarmee rekening gehou word.

### TAAK VAN HUISGESIN

(iii) Daar bestaan 'n groot behoefte daaraan dat jongmeisies die gesinsarbeid van die vrou en die groot waarde wat dit in die volkslewe het, deeglik sal begryp en daadwerklik sal belewe deur dit te beoefen nog voor hulle self in die huwelik tree.

Dit lê natuurlik voor die hand dat die jongmeisie allereers in haar eie huisgesin en onder die leiding van haar eie moeder die gesinsarbeid moet beoefen en belewe. Dit is so noodsaaklik en die waarde daarvan is so groot dat dit nie gering geskat mag word nie. **Geen opvoedingsinstelling mag afbreuk doen aan die fundamentele opvoedingstaak van die huisgesin nie.** Elke opvoedingsinstelling moet sy taak sien as aanvullend by dié van die huisgesin. Dit moet altyd beklemtoon word dat die

(Vervolg in volg. kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

huisgesin met betrekking tot sy essensiële funksievervulling deur niks anders vervang kan word en vervang mag word nie. Dit baat nie veel om mooi opvoedingsinstellings te ontwikkel, terwyl die vernaamste opvoedingsorgaan van die volk, nl. die huisgesin, in die slag bly nie.

Nietemin moet, soos hierbo reeds aangedui is, daarmee rekening gehou word dat daar baie jongmeisies is wat tuis nie die nodige voorbereiding vir en geleenthede tot die beoefening van die gesinsarbeid van die vrou ontvang en geniet nie, en ook dat baie jongmeisies, veral in die stede, sodanig buite hulle gesinsverband lewe, dat hulle nie geleentheid het om vir daardie soort arbeid voorberei te word en dit te beoefen nie.

(Word vervolg)

# Boerejeug Uitgenooi Na Kamp

**Veldkt. Van Tonder en asst.-veldkt. S. Roelofse van George is van voorneme om 'n Boerejeug-kamp tydens die Paasnaweek op Mymer, die plaas van die Adjunk-K.G. in die distrik van George te hou.**

**Die Boerejeug van Knysna, Mosselbaai en Oudtshoorn word almal na hierdie kamp uitgenooi en moet met veldkt. Roelofse, Meyertonstraat 24, George in verbinding tree sodat reëlings getref kan word.**

# Britte Vrees Japanse Uitvoer

**Die Britse tekstielbedryf staan voor die moontlikheid dat hy 'n groot deel van sy buitelandse afsetgebied gaan verloor as gevolg van die verhoogde pryse van tekstielware en die feit dat Japan hom in die Ooste van sy markte beroof. Die prys van Britse tekstielware het die afgelope week met tussen 25 en 44 persent vermeerder. Vir die Britse ekonomiese herstel is dit 'n rooi lig aangesien dit noodsaaklik is dat die pryse van uitvoerware laag gehou en die uitvoer vermeerder word.**

Japan het nou vir Brittanje 'n splinternuwe gevaar geword. As gevolg van die Japanese herstelplan onder Amerikaanse leiding, voer Japan tans reeds soveel as 'n derde van sy vooroorlogse tekstielproduksie teen veel laer pryse as die van Brittanje uit. Die Midde-Ooste en gebiede in die Ooste is die vernaamste afsetgebied en is besig om Brittanje daar uit te druk. Britse fabrikante voel verontrus oor hierdie verskynsel.

Om by hierdie vraagstuk verby te kom, is Brittanje van voorneme om Amerika te versoek dat hy moet verbied dat Japan tekstielware uitvoer. In ander woorde sou dit beteken dat Amerika moet verhoed dat Japan van sy oorlogsramp herstel.

Feit is egter dat Brittanje nie vandag meer in staat is om sy kop bo water te hou waar dit vrye mededinging geld nie en probeer hy aan die lewe bly deur ander lande wat in staat is om goedere goedkoper te lewer, onder te druk ter wille van sy eie behoud.


# ‚Rolprente Om Engeland Te Help'

**Dit is moontlik dat Amerikaanse films deel sal uitmaak van die Marshall-hulpplan aan Engeland, volgens 'n berig uit Londen.**

'n Skema om Amerikaanse rolprente onder hierdie plan na Brittanje en Europa te stuur, word tans in Amerika oorweeg en sal aan die Amerikaanse regering voorgelê word. Die regering het Hollywood reeds belowe dat die Kongres versoek sal word om te help om 'n afsetgebied vir Amerikaanse films te kry. Hollywood is veral baie begerig om meer rolprente te verkoop aangesien die gedeeltelike verbod op Amerikaanse films in Brittanje, hulle baie skade berokken het.

Brittanje spandeer £16,000,000 jaarliks aan Amerikaanse rolprente.

# OFFISIERE VAN GEBIED F.

Genl. D. Dannhauser van die Rustenburg-Brits-generaalskap en genl. H. Neethling van die Belfast-Lydenburg-generaalskap.

# KEER AGRESSIE SÊ SMUTS

**„Dit is nou die oomblik waarop nuwe agressie wat in die wêreld ontstaan het, gekeer moet word. Ons moet sê: ‚So ver en nie verder nie'," het die veldm. Smuts verlede week in Kaapstad gesê toe hy 'n groep besoekende Amerikaanse persmanne toegespreek het.**

Ons moet saamstaan en die opmars keer van 'n moondheid wat ons Tsarisme genoem het toe ek 'n kind was — nou is dit die nuwe demokrasie, het die veldmaarskalk verklaar toe hy na Rusland se optrede in Tsjeggo-Slowakye verwys het. Dit is miskien die kritiekste tydperk in die afgelope duisend jaar. Die opmars van die „slawe-moondheid" moet gekeer word.

„Die tyd is kort, die mense weet nie wat aan die gang is nie". Genl. Smuts het Duitsland verwyt vir al die moeilikheid wat vandag ontstaan het.

Feit is egter dat veldm. Smuts sy eie aandeel in die mislukte oorlog wil verdoesel en nou reeds besig is om die openbare mening op te sweep vir nog 'n oorlog — hierdie keer in 'n poging om te vergoed vir sy misstap.

# VERVOLGING VAN K.G. VOORLOPIG IN YSKAS

**Alle tekens dui daarop dat die regering voorlopig afgesien het van sy plan om 'n aantal O.B.-leiers onder wie ook die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, te vervolg weens hul houding tydens die oorlog. Tot kort gelede is nog aangeneem dat die regering hierdie saak as 'n verkiesingsbom sal gebruik net kort voor die verkiesing ten einde soveel Engelse stemme as moontlik uit die krale van die opposisie te jaag.**

**Die regering se voorneme is in so 'n ernstige lig beskou dat die leier van die opposisie, dr. D. F. Malan, 'n spesiale onderhoud**



**Dr. J. F. J. van Rensburg**

**aan sy pers daaromtrent toegestaan het. By dié geleentheid het dr. Malan onder meer hom duidelik gedisassosieer van die bedrywighede van die Ossewabrandwag, en verduidelik dat die H.N.P. juis met die O.B. geskeur het omdat die party nie kon voorkom dat die O.B. onkonstitusionele en buite-wetlike strydmetodes sou volg nie.**

Op die vraag wat die H.N.P. se houding sal wees indien die O.B.-leiers vervolg word, soos berigte uit Pretoria dui, het dr. Malan geantwoord dat hy sal pleit om 'n genadige behandeling en 'n versoenende houding.

**DUIDELIK**

**Ná hierdie verklaring van die H.N.P.-leier het dit vir nasionaalgesindes duidelik geword dat die stories as sou dr. Van Rensburg met genl. Smuts tydens die oorlog geskakel het, onwaar moet wees en dat dit klaarblyklik ook nie deur dr. Malan geglo is nie.**

Die gevolg hiervan was dat baie mense weer meer vriendskaplik teenoor die Ossewabrandwag begin word het, en dat die skerpe verdeling tussen die opposisiegroepe aanduidings van vervaging begin toon het.

Die regering het toe voor die keuse gestaan om 'n klompie afgedwaalde Engelse stemme met oorlogspropaganda terug te keer en daarmee die Afrikanergroepe in mekaar se arms te jaag, of om die hele saak maar in die yskas te stop en te hoop dat die verdeling onder nasionaalgesindes meer lonend sal wees as wat die skade aan 'n klompie Engelse stemme sou wees.

**KIES VERDEELDHEID**

**Alles dui daarop dat genl. Smuts die laasgenoemde taktiek gekies het. Hy beskou die Afrikanerverdeeldheid nog as die belangrikste faktor in sy guns by 'n verkiesing, en daarom is daar voorlopig afgesien van die hoogverraadsaak teen dr. Van Rensburg.**

Dit beteken dat die saak in die yskas gestop word, waar dit te eniger tyd weer uitgehaal kan

(Verbolg op bl. 3)

# KOMMUNISTE RUIM TEENSTAND OP IN TSJEGGO-SLOWAKYE


**Die Kommunistiese bewind in Tsjeggo-Slowakye het sy greep op die staat die afgelope dae aansienlik versterk deur duisende strafmaatreëls uit te vaardig en ontslae te raak van alle teenstanders. Laasgenoemde word eenvoudig uit hul posisies ontslaan en ontvang opdrag om in die myne te werk.**

Intussen is president Benesj feitlik meer 'n gevangene as 'n staatshoof, volgens Tsjeggiese Katolieke. Die Kommuniste het berig „dat pres. Benesj lank sal moet rus".

Verskeie redakteurs is ook geskors omdat hulle dinge in stryd met die Kommuniste se wense gesê het.

Sapa-Reuter berig dat daar op die oomblik 'n sterk beweging in Amerika aan die gang is wat wil hê dat die V.S.A. hom duidelik en onomwonde moet uitspreek oor die verwikkelinge in Tsjeggo-Slowakye, Griekeland en Finland waar die Kommuniste baas speel of poog om die beheer oor te neem.

## Vir Reis Na Seebodem





**Prof. Auguste Piccard van die Brusselse Universiteit, die eerste persoon wat met 'n lugballon in die lug opgestyg het, is nou weer van plan om tot 'n diepte van meer as twee myl in die boesem van die see af te daal. Hiervoor wil hy hierdie ronde staalballon gebruik. Geen menslike wese het nog ooit so diep onder die oppervlakte van die see gevroetel nie, aangesien dit onmoontlik is om die drukking te weerstaan. Prof. Piccard meen egter dat hierdie ballon hom veilig heen en weer sal vervoer. Die proefneming sou in die Golf van Guinea plaasgevind het, maar is nou tydelik uitgestel.**

## Mengelmoes Van 21,000 Reeds Hier

**Die regering het die afgelope jaar 21,000 immigrante die Unie laat binnekom. Hierdie syfer is deur Minister H. Lawrence in die volksraad verstrek. Hy het gesê dat ongeveer 15,000 van hierdie mense Britte was, terwyl die res uit ander gebiede gekom het. Hy meen dat die Unie se blanke bevolking die afgelope jaar met 30,000 aangewas het. Onder die aanwas tel die Minister ook Cypriote, Jode, Grieke en ander onassimileerbare en onwelkome groepe.**

# HUURRAAD 'N JAAR AGTER, DOG IMMIGRANTGESINNE KOM NOG STEEDS AAN

**Onderwyl die regering verwoed voortgaan om immigrante — „die goeies en die slegtes" — aan te ry, en vir die doel binnekort nog 'n ekstra skip sal huur, is die woningnood in die land so groot dat die Kaapstadse huurraad besluit het om voorlopig geen verdere toekennings van huise te maak aan persone wat na 1946 op die waglys gekom het nie!**

**Dit is die naakte toedrag van sake. Gevalle is 'n paar weke gelede nog oorweeg van 24 mense wat in drie kamertjies woon en van 'n oorlogsweduwee wat haar intrek by Indiërs moes neem omdat daar vir haar geen ander woonplek beskikbaar was nie. Intussen het honderde immigrante woonplek gevind nie net vir hulself nie, maar ook vir hul gesinne vir wie die regering binnekort 'n ekstra skip gaan huur om hulle aan te ry.**

Meeste van hierdie immigrante kry maklik huise omdat die huurwet bepaal dat werkgewers voorkeur kan gee aan werknemers wanneer hulle hul eie huise verhuur. Meeste werkgewers het in die jongste tyd die praktyk gevolg om huise op te koop. **Dit dien deels as 'n belegging vir hul oorwinste waarop hulle hoë belastings anders sal moet betaal, en origens stel dit hulle in staat om Britte uit Engeland in te voer en van wonings te voorsien, terwyl hulle Unie-burgers afdank.** Laasgenoemdes moet dan dikwels werk op 'n ander plek gaan soek, sodat hulle heeltemal uit 'n onderdak raak, want op die nuwe plek moet hulle maar geduldig gaan toustaan saam met mense wat al sedert 1946 op 'n huisie wag.

**BUITE BEREIK**

Aan 'n eie huisie te koop, kan meeste werknemers nie dink nie. Met minder as £100 per maand aan salaris kan geen gesinshoof vandag in 'n groot stad waag om 'n huis te koop nie; dit is eenvoudig bo sy vuurmaakplek, **en pryse word nog steeds die hoogte ingejaag deur immigrante wat met sakke vol geld — nugter weet waar hulle dit kry — wild en wakker koop teen ongehoorde bedrae.**

Die ou inwoners van die land word dus van twee kante deur die immigrante uit 'n huis gehou — aan die een kant deur die „vakmanne" wat deur hul base van huise voorsien word, en aan die anderkant deur ryk avonturiërs uit Engeland wat uit hul vaderland vlug op die oomblik dat hy hulle die meeste nodig het.

**SKOKKEND**

Skokkende toestande van oorbewoning kom nog steeds onder aandag van die huurraad. **Kort**

(Vervolg in volg. Kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

**gelede nog is ontdek dat 24 blankes saamgepers was in 'n huisie met drie vertrekke. Op 'n ander plek is 'n gesin van agt mense gevind wat in een kamertjie moet eet, woon en slaap. 'n Oorlogsweduwee wat met haar drie weeskindertjies 'n kamer by 'n Indiër moes huur, is so pas aan 'n woonplekkie geholp. Meeste van hierdie gevalle is mense wat al sedert 1946 op die waglys is.**

Met die oog daarop het die komitee 'n paar weke gelede besluit om geen verdere huise toe te ken aan mense voordat diegene van 1946 nie gehelp is nie. Slegs in gevalle van buitengewone nood sal 'n uitsondering gemaak word.

# VYFDE KOLONNE IN FINLAND KOM IN AKSIE

**Die Kommunistiese Party in Finland doen alles in sy vermoë om onrus en verwarring te stig en druk uit te oefen op die ander groepe sodat hulle sal instem om die vriendskaps- en militêre verdrag wat Rusland Finland aangebied het, te steun.**

**'n Vergadering van nie-Kommuniste wat hulle die naweek teen 'n verdrag met Rusland uitgespreek het, is deur die Kommuniste met geweld opgebreek. Dit was die eerste oproer sedert Stalin sy harige hand aan Finland gebied het met die doel om Finland later aan die keel te gryp.**

Minstens drie van die sewe politieke partye van Finland is openlik teen die militêre verbond gekant. Dit is net die Kommuniste wat die verdrag sonder voorbehoud steun. Al die partye moet egter, volgens die konstitusie saamstem voordat so 'n verdrag aangegaan kan word.

Sapa-Reuter het Maandag berig dat die Finse regering aangekondig het dat hy 'n afvaardiging na Moskou sal stuur om met Rusland te ondherhandel oor 'n voorstel van Stalin.

Finland kan egter nie bekostig om Stalin deur die gesig te klap nie.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.